Groete uit die Sinodehuis

11 Februarie 2019

Kollega,

Ek vertrou dat die eerste klompie weke van die jaar jou goed behandel het en dat jy steeds opgewonde is oor 2019!

Gister het ons as kerk vir opvoeding en onderwys gebid. Waarskynlik is dit een van die belangrikste sake waaraan die kerk tans kan aandag gee. Elke gemeente behoort met erns te bly soek na kreatiewe maniere hoe hulle die skole in hulle omgewing effektief kan ondersteun. Miskien is die dikwels onontginde potensiaal wat in die talle oud-onderwysers in ons gemeentes opgesluit lê, 'n bron wat gemeentes met groot vrug kan gebruik om die standaard van onderrig in alle skole, ongeag waar hulle geleë is, te bevorder.

In die aanloop tot die hofsaak rakende die gay-kwessie verlede jaar, was die vlak van gesprekvoering in die sosiale media dikwels só, dat talle gelowiges en nie-gelowiges, ongeag hulle standpunt, hulle koppe in skaamte laat sak het. Talle van die deelnemers aan die gesprek was predikante… Miskien sou dit ons almal baat om 'n slag weer na te dink oor die bekende wysheid van Rumi, 'n Persiese digter uit die dertiende eeu:

Before you speak, let your words pass through three gates:
Is it true?
Is it necessary?
Is it kind?

By die spesiale sinodesitting te Doornpoort in Junie 2015, is die verhoogstuk, "Die klaagliedere van ds. Tienie Benade", deur Frank Opperman opgevoer. Intussen is hierdie pennevrug van Dana Snyman, wat die dilemma van predikant-wees aangrypend verwoord, in 'n vollengte film verwerk wat tans in teaters draai. Die vervaardiger, Sallas de Jager, het onlangs in 'n TV-insetsel gesê: "Die gedagte dat 'n predikant nie weet waar hy inpas, of wie hy is nie, het my dadelik geïnteresseer…" Mag jy, te midde van al die uitdagings van predikant-wees, die Here se teenwoordigheid elke dag nuut, en sy genade vars, beleef!

Groete tot 'n volgende keer.

082 653 5734
paul@noordsin.co.za